LAERSKOOL BAKENKOP

Posbus 51928, Wierdapark, 0149
Tel 012 – 653 4187/8 faks 012 653 4129
Underbergstraat, 5 Wierdapark, Centurion
E-Mail johansch@telkomsa.net /bakenkop@telkomsa.net
www.laerskoolbakenkop.co.za

21 Julie 2010

OUEROMSENDBRIEF 20/2010

UITTREKSEL UIT DIE DAAGLIKSE ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Geagte ouers/voogde

1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

Om gelukkig te wees

Om gelukkig te wees het niks met iemand anders te doen nie: Net met myself!!! Geluk is `n wyse van dink oor my lewe, die wêreld om my, my werk, gesondheid, ja selfs oor my geestelike lewe.
Soek na die gebeure , reaksies, mooi dinge wat elke dag op my pad kom, herken dit, erken dit en vereenselwig jou daarmee. Ja, elke mens het hieroor keuses te maak. Ek kies dus bewustelik die goed wat my gelukkig maak, dit vermy wroeging op `n later stadium, dit keer spyt, dit keer dat ek vir myself wit leuens vertel, dit keer dat ek ongelukkig is. Een so`n keuse is om te kies in watter godsdiens ek glo. Ek kies om my keuse uit te leef.
Hoe tragies as ons nie te midde van die moeilike omstandighede waarin ons is, die gebrek rondom ons, die geweld (roof, diefstal, verkwisting, armoede, werkloosheid, noem maar op die dorings in jou vlees) rondom ons, die siekte in ons familie of gesin of die kanker in onsself, nie ook tyd kan hê om die blommetjie te waardeer, my broodjie op die speelterrein met iemand te deel of om my Vader te dank vir die oomblikke wat ek vry kan asemhaal, `n glimlag raaksien, die onskuld van die kleinkind ervaar, en die geskenk opreg te gee. Hoeveel te meer is ek gelukkig as ek die aanstigter kan wees vir die glimlag, die broodjie kan aanbied, die trooswoorde kan praat, die kind kan optel en `n drukkie gee, kan dankie sê.
Hoe ongelukkig kan `n lewe wees as ek nie kan tyd maak om stil te staan en die mooi raak te sien , die vrugte te pluk van die boom wat ek geplant het, die geur van die roos ruik in my tuin, my vriende opreg te waardeer nie.

Kom ons kies om gelukkig te wees tussen die griewe wat die wêreld na ons gooi en bring. Ons kan ten minste ons geluk kies maar kan nie die griewe , seer wat oor ons pad kom, die siektes wat ons met tyd teister, die verkeerde optrede van ander teenoor ons weg wens nie, dit kom altyd weer terug.
Ene William Blake het eens gesê: As man is, so he sees.
Kom ons praat hieroor met ons kinders!!

2. DRAMAKLASSE

Indien daar leerders is wat belangstel in drama-klasse, teen koste, stuur asb met u kind `n brief of e-pos aan skoolhoof en die drama-persoon sal met u kontak maak.

Drama-klasse lewer veral `n positiewe bydrae vir leerders wat skaam, onseker of introverte is. Dit ontwikkel ook leierskap en drama-leerders leer hulself goed ken.

3. PRESTASIES

Baie geluk aan Petro Roodt (vlak 8) en Karla Bezuidenhout (vlak 6) het Donderdag 15 Julie 2010 aan die LDP Akrobaat Klubkompetisie deelgeneem. Hulle het altwee gekwalifiseer vir Gauteng Noord wat tussen 22 - 28 Julie plaasvind.

Ons Rock Chicks was genooi om te gaan optree by H/Skool Zwartkop se kultuur week op 19 Julie 2010.Daarmee saam was dit die skoolhoof, Dr Dewald Strydom, se verjaarsdag ook en was dit voorwaar 'n eer vir die meisies om daar te gaan sing.U kan fotos besigtig onder die foto opsie.

4. REKENAARKLASSE

Rekenaarklasse in die namiddae begin weer op Maandag 26 Julie 2010 en eindig vir die kwartaal Woensdag 8 September 2010. Inskrywingsvorms beskikbaar by Mev. Marianne Kleynhans. Koste R30.00 per les vooruitbetaalbaar.
Tye Maandae 15:00-16:00 en Woensdae 13:30-14:30.

5. 0/12 KRIEKET

Die eerste liga wedstryd het afgeskop 20 Julie 2010. Alhoewel ons tuisveld voordeel gehad het, het ons 'n moeilike wedstryd verwag. Louis Leipoldt het die loting gewen en gekies om eerste veldwerk te doen. Ons het 129 lopies in 25 beurte aangeteken, waarvan Duan Strauss 38 lopies aangeteken het. Die seuns het gevoel dit is 'n totaal wat ons kan verdedig met goeie veldwerk.

Met uitstekende boulwerk deur Corne Booysen en Jason Bam het ons Louis Leipoldt uitgeboul vir slegs 29 lopies. Jason Bam was ook as ' Man of the match' aangewys. Hy het 33 lopies aangeteken - nie uit nie, en 4 paaljies gevat in 5 beurte waarvan hy slegs 7 lopies afgestaan het. (sien foto).

Ons volgende wedstryd is 2010-07-27 teen Elarduspark by hulle velde.

6. HERREGISTRASIE VAN LEERDERS VIR 2011

Ek wil graag vir u hulp vra met hierdie taak, waarvoor die skool nie baie tyd het nie.

Die taak is: HERREGISTRASIE VAN LEERDERS VIR 2011 VOOR/ OP 30 JULIE 2010.

Vandag kry elke leerder, tans in die skool, `n her-inskrywingsvorm, een bladsy lank met min invulplek(administratiewe inligting-kontrole).

Voltooi asseblief vir elke leerder wat weer volgende jaar in LAERSKOOL BAKENKOP gaan wees so`n vorm en stuur dit asseblief terug aan sy/haar voog-onderwyser. Die onderwysers sal met ontvangs u kind se naam op die klaslys afmerk en seker maak dat u `n WAGLYSNOMMER kry.

Daar is ook ander leerders wat toegang wil hê in die skool en ons wil vir u kind `n eerste kans gee.

Dankie vir jul hulp. Jul was nog altyd staatmakers. Johan Scheepers.

7. OUER BESONDERHEDE

Baie dankie aan al die ouers wat reeds hulle besonderhede op die elektroniese omsendbrief-sisteem aangebring het. Daar is egter nog baie ouers wat net die sisteem opgelaai het maar nog nie deur al die stappe gegaan het nie. Kliek asb. op die 'besonderhede' afdeling en voltooi u inligting en druk 'onthou'. Ons benodig dit vir rekord doeleindes. Baie dankie vir u samewerking in die verband.

8. PERDESPORT

Claire du Preez Gr 5/3 is gekies vir die Gauteng Noord Interskole span in perdry. Sy gaan deelneem aan `Working Riding` en `Equitation`. Die kompetisie vind plaas op 25 tot 26 September 2010. Claire is ook gekies vir die `Equitation GHS` Noord Gauteng Span en gaan deelneem aan die Interprovinsiale by-eemkoms op 21 Augustus 2010.

Baie geluk Claire, die Bakies is trots op jou!!

9. GIMNASTRADE 2010 : SOKKERMANIA

Gimnastrade is hierdie jaar ons massadeelname aktiwiteit. Alle leerders neem deel. Dit vind plaas op Woensdag 15 September 2010, by Hoërskool Zwartkop. Alle oefening vind in aktiwiteitsperiodes plaas. Volledige inligting volg later.

10. SEUNSHOKKIE

Seunshokkie wedstryde vind plaas op Saterdag 24 Julie 2010,by Afrikaans Hoër Seuns.
Die eerste Wedstryde vind reeds om 8:00 plaas, die laaste wedstryde vind om 13:00 plaas. Elke span speel ongeveer 3 wedstryde.
Die seuns speel hul wedstryde in hul Vrydag hemde, swart MBK kortbroeke en hokkie kouse. Ons het 'n borg vir die kouse ontvang en die seuns sal hul kouse by Vrydag, 23 Julie 2010 se oefening ontvang.
Daar sal Woensdag, 21 Julie 2010 'n volledige program van Saterdag aan die ouers gestuur word, asook toestemmings briewe wat nie later as Donderdag 22 Julie 2010 by die afrigter (Onica Roux in T5) ingehandig moet word nie.

11. LIGTE LIEDJIE OEFENING

Ligte Liedjie oefening: Liedjies word by die huis geoefen. Net voor die optredes sal ons tye reël dat leerders die liedjies vir Juf. Tersia kom deur sing.

Centurion Kunstefees: Ons sing op 10, 11 en 12 Augustus 2010. Volledige inligting is in die brief wat leerders die week sal ontvang.

12. C S V

CSV begin weer op Woensdag 21 Julie, in Mnr Chris Henrico se klas.
Die tye is soos volg
Gr R-2 12:50 tot 13:45
Gr 3-7 13:30 tot 14:00.

13. MINI KRIEKET VERGADERING

Gr R-Gr2 Seuns en Dogters,
Mini krieket vergadering sal gehou word op die paviljoen by die skool, Woensdag 21 Julie 2010 om 17:30.

HOOFBORG McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN
ONDERSTEUN HULLE ASB. TEL: 012 653 9400

14. ELEKTRONIESE OMSENDBRIEF

Vandag, Maandaq 19 Julie 2010, verskyn Laerskool Bakenkop se eerste elektroniese omsendbrief. Vir baie is dit `n nuwe ervaring en `n lekker ding om te gebeur. Ek hoop u vind dit ook `n aangename verandering.

Daar sal sekerlik groeipyne wees. Ons sal die groeipyne so vroeg moontlik probeer opklaar. Laat weet ons na die skool se e-posadres van die groeipyne wat jul ervaar en ons sal daaraan aandag gee.

Foto's sal ook gereeld deel uitmaak van die daaglikse nuus. U kan self ook foto's stuur aan bemarker@laerskoolbakenkop.co.za wat ons sal oorweeg vir plasing. Daar mag ook tydens toere/uitstappies foto's geplaas kan word.

Van `n ander aard: Ons is besig om die ablusie vir graad R-leerders se bouwerk af te handel. U kan gerus na nuwe sandput kom kyk.

15. WETENSKAP EXPO – GR. 5, 6 EN 7

Wetenskap Expo Gr 5, handig in Maandag 19 Julie 2010 om 6h30 tot 7h30. Ouers kan die uitstalling kom besigtig tussen 17h00 en 17h30 op Dinsdag 20 Julie 2010 en daarna die take saamneem huis toe.

Wetenskap Expo Gr 6, handig in Woensdag 21 Julie 2010 om 6h30 tot 7h30. Ouers kan die uitstalling kom besigtig tussen 17h00 en 17h30 op Donderdag 22 Julie 2010 en daarna die take saamneem huis toe.

Wetenskap Expo Gr 7, handig in Maandag 26 Julie 2010 om 6h30 tot 7h30. Ouers kan die uitstalling kom besigtig tussen 17h00 en 17h30 op Dinsdag 27 Julie 2010 en daarna die take saamneem huis toe.

16. HOKKIE DOGTERS

Hokkie dogters sal die liga bepalings, getik, ontvang tydens die oefening op Dinsdag 20 Julie 2010.

17. GR. 3 KLASWERK

Die Gr 3's begin nou met blou penne skryf. Onthou dit moet 'n geel Bic pen wees om korrekte skryf vaardighede aan te leer. Indien jou kind nog nie 'n pen het nie,koop asseblief een sodat hy Woensdag die 21ste Julie 2010 een het.

18. GR. 3 TOER

Gr 3 toer vind plaas 19 - 22 Oktober 2010. Dankie vir die wat reeds toergelde betaal het. Die laaste betaling voor of op 23 September 2010.

19. JUNIOR KOOR

Die Junior Koor oefen die kwartaal slegs op Woensdae 13:30 tot 14:30.
Optredes: 5 Augustus 2010 -Pretoria Stadsaal saam met Andriette Norman 13:30-21:30
19 Augustus 2010 -Radio Kansel-Tehila 09:00-11:00
21 Augustus 2010 - Centurion Kunstefees optrede by
L/s Rooihuiskraal 13:00
Volledige inligting sal volg. Kaartjies vir stadsaal sal uitgestuur word saam met u kind.

20. SUIKERBEKKIES
Suikerbekkies oefen Woensdae 13h30 - 14h30. Kaartjies vir die stadsaal se optrede 5 Augustus 2010 is ontvang en sal met die volgende oefening uitgedeel word.

Vriendelike groete

_____
J.W.C. SCHEEPERS
HOOf